LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

11 Februarie 2021

Geagte Ouers

TERUGKEER PROTOKOL VIR LEERDERS

Die nuwe skooljaar het alreeds begin vir die onderwysers en ons sien uit om die leerders terug te verwelkom op Maandag, 15 Februarie 2021. Ons glo dat almal heerlik uitgerus het na die lang vakansie en dat die leerders gereed is vir die nuwe kwartaal. Sien asb die onderstaande inligting waar elke graadgroep moet aantree nadat die skoolterrein betree is. Let wel hierdie aantree punte is nie net vir die eerste dag nie maar vir die hele kwartaal.

Aangesien die hele skool terugkeer moes ons noodgedwonge die af- en oplaai prosedures van die leerders hersien. Sien asb die onderstaande inligting om uself te vergewis waar elke graad se leerders af- en opgelaai moet word. Indien u meer as 1 kind in die skool het word albei leerders by die jongste kind se hek afgelaai. Gr 1 - 3 leerders betree die skool en beweeg direk na hulle aangewysde gebied. Gr 1 - 3 leerder mag nie hulle tasse na hulle registerklasse toe neem nie. Gr 4 - 7 leerders betree die skool en gaan plaas eers hulle tasse by registerklasse en beweeg dan na hulle aangewese gebiede soos uiteengesit op die program.

Graad	Ingang	Uitgang	Wag gebied voor skool begin
R	Gr R Hek	Gr R Hek	Gr R terrein
1	GF Hek	GF Hek	Gr 1 Vierkant
2	Hek 1	Hek 1	Vierkant voor saal
3	Hek 3	Hek 3	Hokkieveld naaste aan die pad
4	Naskool Hek	Hek 1	Rugbyveld voor telbord
5	Hek 3	Hek 3	Hokkieveld naaste aan Hek 2
6	Hek 2	Hek 2	Netbalveld voor tydelike klasse
7	Hek 2	Hek 2	Rugbyveld voor pawiljoen

LEERDERS MET KOMORBIDITEITE

Ons doen opnuut ‘n beroep op ouers om die skool voor Maandag, 15 Februarie 2021 in kennis te stel indien u kind enige komorbiditeit het. Leerders wat een van die volgende onderliggende siektes het moet asb ‘n e-pos stuur aan Me R Joubert,

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Grondslagfase (Gr 1 - 3) by rjoubert@lardies.co.za en Gr 4 - 7 leerders na Me H Barkhuizen by hbarkhuizen@lardies.co.za

- kardiovaskulêre siekte
- Asemhalingsiekte
- Niersiekte
- immuunonderdrukking

POSITIEWE COVID-19 GEVALLE

Indien ‘n leerder positief toets, moet u dit asb onmiddellik onder die skool se aandag bring. Ons versoek vriendelik dat u die e-pos sal rig aan die betrokke graadhoof wat die saak onder die skoolhoof en betrokke personeel se aandag sal bring. Leerders wat positief toets, mag onder geen omstandighede op die skoolterrein kom nie. Personeel sal die leerders wat tuis moet bly a.g.v. Covid-19 sover as moontlik ondersteun en akademies bystaan.

QR KODES

Ouers moet nog steeds die QR vraelys voor skool voltooi voordat die kind die skoolterrein betree. Leerders se temperatuur word gemeet en hande word gesaniteer. Indien ‘n leerder twee of meer Covid simptome het, mag hy/sy nie die skoolterrein betree nie. Die Covid-19 Protokol sal Maandag, 15 Februarie beskikbaar wees op die skool se webtuiste en kommunikeerder vir duidelike riglyne t.o.v. die reëls en regulasies.

LEERDER BANKIES

Ons wil ons dank en waardering uitspreek aan al die manspersoneel en assistente van Laerskool Elarduspark wat die groot taak op hul geneem het om al die dubbel bankies in die skool in enkel bankies te halveer. Hierdie reuse projek was gedoen onder leiding van Mnr Human wat nie geskroom het om hierdie projek aan te pak nie. Hierdie projek moes voltooi word sodat die sosiale afstand in die klasse gehandhaaf kan word.

AKTIWITEITE NA SKOOL

Sekere buitemuurse aktiwiteite gaan wel voort in kwartaal 1. Sodra die direktiewe vanaf die Departement ontvang is sal daar meer riglyne gegee kan word in die verband. Op hierdie stadium gaan ons voort met die Redenaars siftingsrondtes en atletiek uitdunne. Ons versoek dat die leerders direk na skool afgehaal moet word by die aangewysde hek soos deurgegee. Geen leerder mag op die skoolterrein wees na skoolure nie, behalwe as hy/sy besig is met ‘n naskool aktiwiteit.

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

ATLETIEK UITDUNNE & OEFENINGE

Ons gaan wel voort met atletiek uitdunne, maar kan ongelukkig geen toeskouers op die terrein toelaat nie a.g.v. Covid19 protokol.

Gr R - 3 uitdunne vind plaas op Vrydag, 19 Februarie 2021 en sal vir die gerief van die ouers uitgesaai word op Lardie TV.

- Gr 1: 08:00 - 09:00
- Gr R: 09:10 - 10:10
- Gr 2: 10:20 - 11:20
- Gr 3: 11:30 - 12:30

Gr 1 - 3 leerders kan met hul KDA drag skool toe kom. Leerders wat nie KDA drag het nie mag gewone sportklere aantrek.

Gr 4 - 7 atletiek uitdunne vind plaas op Donderdag, 18 Februarie 2021 vanaf 14:00 - ongeveer 18:00. Leerders wat wil deelneem moet asb KDA drag aantrek. Indien 'n leerder nie KDA drag het nie versoek ons dat hy/sy netjiese sportdrag sal aantrek. Die Gr 4 - 7 uitdunne word nie op Lardie TV uitgesaai nie. Onthou maskers is steeds verpligtend. Sien asb die onderstaande oefenprogram.

GEWYSIGDE SKOOLKALENDER

Die gewysigde skoolkalender vir 2021 is op Dinsdag, 9 Februarie 2021 deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) uitgereik. Sien asb die onderstaande dokument vir die nuwe skoolkalender. Neem asb kennis dat ons noodgedwonge ons skoolaktiwiteite ook hierby moes aanpas en dat die toetsdatums alreeds vasgemaak is volgens die nuutste kalender. Vergewis u asseblief van die nuutste skool kalender.

STICITT PAY SNOEPIE BANDJIES

Neem asseblief kennis dat ons vanaf 2021 van die Sticitt Snoepie bandjies gebruik gaan maak. Alle Gr 2 - 7 leerders sal hulle nuwe bandjies op Maandag, 15 Februarie ontvang. Leerders ontvang hierdie bandjies gratis, dus is daar geen kostes aan verbonde nie. Op Maandag 15 Februarie sal daar ook 'n video uit gestuur word met die nodige stappe vir registrasie. Die FundiPay bandjies mag wel tot en met 23 April 2021 (Kwartaal 1) gebruik word. Vanaf kwartaal 2 sal slegs die Sticitt bandjies gebruik mag word. Vir enige navrae i.v.m. die Sticitt bandjies kontak gerus sales@d6.co.za. Geen navrae sal deur McLardies hanteer word nie aangesien dit deur d6 geadministrateer word.

Sien aangeheg meer inligting rondom die stickett bandjies.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING

Op Woensdag, 3 Maart 2021 vind ons Beheerliggaam verkiesing elektronies plaas. Die prosedure t.o.v. nominasies sal op Vrydag, 12 Februarie 2021 uitgestuur word.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Ons weet dat 2021 heelwat uitdagings inhou, maar wil u verseker dat ons as skool alles in ons vermoë sal doen om ons leerders, ouers en onderwysers by te staan.

Vriendelike Lardie-groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

LAERSKOOL **ELARDUSPARK**
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

2030 NDP

STAY SAFE
PROTECT SOUTH AFRICA

January 2021

S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

February 2021

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28						

March 2021

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31			

April 2021

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	

May 2021

S	M	T	W	T	F	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

June 2021

S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

July 2021

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

August 2021

S	M	T	W	T	F	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31				

September 2021

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

October 2021

S	M	T	W	T	F	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

November 2021

S	M	T	W	T	F	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30				

December 2021

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

Weekends
Days for administration
School days
Public holidays
School holidays

Public and School Holidays 2021	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
22 March	Public holiday
02 April	Good Friday
05 April	Family Day
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
16 June	Youth Day
09 August	National Women's Day
24 September	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill
27 December	Public holiday

Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
(25 January) (01) 15 February – 23 April	(13)(12)10	(65)(60)50	3	(62)(57)47
03 May – 09 July	10	50	1	49
26 July – 01 October	10	50	2	48
11 October – 15 (15) December	10	48 (48)	00	(48)48
Total	**(43)(42)40**	**(213)(208)198**	**6**	**(207)(202)192**

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

LAERSKOOL ELARDUSPARK
ATLETIEK
OEFENROOSTER: 2021

0/7 – 0/9 (Gr.1 - Gr. 3): Vanaf Maandag, 22 Februarie

Maandae, Dinsdae, Woensdae, Donderdae	**Naellope** (60, 80m) Kom op die pawiljoen bymekaar. --- **Middelafstande** (600m) Kom voor die krieketnette bymekaar.	Vanaf 22/02/2021 13:15 - 14:00 --- Vanaf 15/02/2012 13:15 - 14:00

0/10 – 0/13: Vanaf Maandag, 15 Februarie 2021

	14:00 – 14:45	14:50 – 15:35	15:40 – 16:25
Maandae	Hekkies Spiesgooi Gewigstoot	Middelafstande Verspring	Naellope Diskus Hoogspring
Dinsdae	Middelafstande Diskus Hoogspring	Naellope Gewigstoot	Hekkies Verspring Spiesgooi
Woensdae	Naellope Verspring Gewigstoot	Hekkies Diskus	Middelafstande Spiesgooi Hoogspring
Donderdae	Middelafstande Verspring Diskus	Hekkies Spiesgooi Hoogspring	Gewigstoot Naellope

Sukses is iets wat jy behaal ...
deur te werk wanneer ander rus,
aan te hou wanneer jy moedeloos is,
uit te hou te midde van teenstand.
Streef daarna om jou droom en doelwit te verwesenlik!!!

Lettie Erasmus
Atletiekorganiseerder
lerasmus@lardies.co.za

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

STICITT PAY SNOEPIE BANDJIES REGISTRASIE

Soos goedgekeur op die Algemene Jaarvergadering op 9 November 2020 is u bewus dat ons vanaf 2021 gebruik maak van 'n nuwe finansiële stelsel.

Meeste van ons ouers is reeds bewus van die d6 toep en ons is opgewonde om u mee te deel dat ons nou heeltemal oorskuif na die d6 Connect toep toe. Alle kommunikasie, skool verbande projekte en finansies gaan nou vanuit een sentrale plek bestuur word. Ons moedig ouers aan om asb die d6 Connect toep af te laai, wat beskikbaar is op Android (op die Google Play Store) en IOS fone (op die App Store). Volg asseblief die onderstaande skakel vir die stappe om die toep af te laai asook die stappe in Afrikaans om die Stickitt bandjies te registreer.
https://www.youtube.com/watch?v=x3x7hW_Gc8A&feature=youtu.be&ab_channel=LaerskoolElarduspark

Ouers moet asb registreer met hulle selfoon nommers, u kind sal outomaties gekoppel word sodra ouers geregistreer het.

FundiPay bandjies sal saam met die Sticitt bandjies gebruik word tot en met die einde van kwartaal een. Die Sticitt bandjie kan net op die d6 Connect toep gekoppel en bestuur word en sal aan die einde van die eerste kwartaal die Fundipay bandjie totaal vervang. Alle betalings soos projekte en toere kan ook deur die Sticitt toepassing betaal word.

Dit is baie belangrik dat ons u as ouers se samewerking sal kry in die verband aangesien ons die skool veilig, kontantloos en higiënies wil hou. Volg asseblief die onderstaande skakel vir die stappe in Engels om die Stickitt bandjies te registreer.
https://www.youtube.com/watch?v=o3-_bLnERc4&authuser=0

Vriendelike Groete

MNR GERT VD MERWE
ADJUNKHOOF

MNR TOY HUMAN
SKOOLHOOF